**Maandag 4 September**
**Skrifgedeelte: Psalm 104:1-5; 27-35 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Psalm 104: 1-5; 27-35**
**Loof die Here, want Hy het alles geskep, hou dit in stand en versorg mens en dier elke dag**

Die digter loof die Here as dié God wat alles geskep het en van Wie hy afhanklik is. Wanneer die digter die skoonheid en omvang van God se werke in die skepping beskryf, kan hy nie meer op sy eie alleen lewe nie, maar word hy deur dié skoonheid gedryf om Hom te loof en te eer en afhanklik op sy versorging te wag.

Wat ’n heerlike voorreg om die liefde van God in sy werke te sien: die grootsheid van die skepping verkondig sy lof. Die Here is sy God en baie groot. Hy is met ’n kleed van heerlikheid omhul. In sy almag het Hy die hemelkoepel gespan en die aarde stewig gevestig. Winde is sy boodskappers en weerligte sy dienaars.

Alles en almal is afhanklik van die Here. Hy gee hulle kos op hulle tyd. Hy maak sy hand oop en hulle kry meer as genoeg. Wanneer Hy Hom onttrek aan die skepping, diere en mense, is dit klaar met hulle. Lewe sonder Hom is nie moontlik nie. Daarom sal die arrogante mens wat sonder God wil lewe, tot niet gaan. Elke mens is deur Hom geskep en vind vervulling slegs wanneer hy in gemeenskap met Hom lewe.

Die digter bid dat die werk van die Here om die hele skepping en almal daarin te versorg, Hom vreugde mag gee. Hierdie versorging en liefde van die Here spoor die digter aan om God te loof en te eer. Hy wil die lof van God besing en afhanklik van Hom lewe. Daarom ook dat die digter bid dat sy oorpeinsing van die roem en luister van God tog aanneemlik sal wees vir die Here sodat hy hom kan verbly in die Here.

*Sing: Psalm 104-2:1, 15, 16*

*Dr. SJ van der Merwe (Sarel) (emeritus)*